:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF.

DEEL XVIII. No. 6. JUNIE. 1951.

## „LOYAL FOR SEVENTY-FIVE YEARS."

Hierdie woorde word gebruik deur president Henry Schultze in „The Calvin Forum" (April 1951) by geleentheid van die 75-jarige bestaan van „Calvin College and Seminary." Op 15 Maart 1876 het ds. Koene Vanden Bosch offisieel begin met die opleiding van predikante vir die Christian Reformed Church. Net soos by ons, het die Teologiese Skool om een man aangevang, en net soos by ons, het literariese vakke onmiddellik 'n inherente deel van die leerplan vir predikante-opleiding geword. Van die begin af was dit 'n „College and Seminary" in logiese orde of liewers 'n „Seminary and College" in feitlike orde. Deur die opofferende liefde en toewyding van een man, net soos by ons, het die huidige, springlewendige en wetenskaplik hoogstaande „Calvin College en Seminary" ontwikkel. Hierdie twee-in-een is die eiendom van die Chr. Reformed Church: geen staatsteun en -toesig, soos by ons, nie. Ons broeders in die Verenigde State gee en kan gee. Daarvoor wil ons hulle eer en die Here dank dat daar sulke manne en vroue is. Die Geref. kerk van Suid-Afrika het ons Teologiese Skool en sy Literariese Departement gedra tot 1919. Daarna het dit staatsteun ontvang sonder verlies van eie karakter. In 1951 het ons selfstandig geword as 'n staatsonderseunde universiteit—met volle behoud van ons Christelike karakter. Die verskil lê hierin: in ons land is openbare inrigting vir Christelike hoër onderwys denkbaar—want ons Afrikaners is nog 'n Christelike volk. In Amerika is dit wel ondenkbaar, omdat die Christendom daar nie so oorheersend is nie. Daarom moet ons nogeens ons bewondering vir die Calviniste in V.S.A. hier uitspreek, moet ons hulle van harte gelukwens met hul diamante-jubileum, moet ons hulle nog honderde jare van seënryke arbeid en voortbestaan toebid. Mag die Here, ook van die wetenskap, hierdie inrigting vir Christelike hoër onderwys, net soos ons eie, instandhou tot Sy eer!

Namens Direksie, Lede en Redaksie van „Koers,"

J. CHR. COETZEE (Voorsitter).